



ATKV-GROEP SE PRIVAATHEIDSBELEID

ARTIKEL 18 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 2013

Die ATKV versamel op verskeie maniere private individue en juridiese entiteite (hierna verwys as datasubjek[te]) se persoonlike inligting. Die inligting wat versamel word, is in sekere omstandighede wel persoonlike inligting soos in die bogenoemde wet geïdentifiseer. Hiermee word kennis gee dat die Afrikaanse Taal- en Kultuurorganisasie (ATKV-Groep) die verantwoordelike party is met besigheidsadres te h/v Dover- en Surreystraat, Ferndale, Randburg.

Die inligting word versamel om aan die volgende te voldoen naamlik statutêre vereistes, veiligheidsprotokolle, logistieke behoeftes, bemarkingsvereistes en die bevordering van die ATKV-Groep se missie. Slegs die verskaffing van persoonlike inligting vir bemarkingsdoeleindes is vrywillig van aard en kan geweier word. Alle ander persoonlike inligting wat versamel word om aan die bogemelde oogmerke te voldoen moet verskaf word en indien die datasubjek dit weier sal die ATKV nie die bepaalde diens en/of voordeel kan lewer nie.

Verder meer vestig ons u aandag op die feit dat in bepalings van die volgende wette naamlik, Rampbestuur, Maatskappye en Beskerming van Persoonlike inligting, die ATKV verplig word om inligting in te win.

U inligting sal gedeel word met derde partye wat handeldryf in die volgende sektore naamlik, versekering, telekommunikasie, ens.

U as datasubjek het die volgende regte:

- om beswaar te maak op die versameling van persoonlike inligting soos bepaal in Artikel 11(3) van die Wet;
- Toegang te hê tot die persoonlike inligting soos versamel;
- die regstelling van persoonlike inligting; en
- klagtes te lê by die inligtingsreguleerder welke kontakbesonderhede die volgende is: Hoofdstraat 33, Forum III, 3de vloer, Braampark, Johannesburg, Gauteng. E-posadres: complaints.IR@justice.gov.za